



SEDERT 1920

## AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL

Posbus 14078, Hatfield, 0028

e-pos: [affies@affies.co.za](mailto:affies@affies.co.za)

Lynnwoodweg 1  
PRETORIA

Tel: (012) 344-3805  
Faks: (012) 344-3907

Geagte voorrnemende Affie-ouer

Om u seun te help om 'n goeie en ingeligte keuse te maak, gee ons graag die volgende inligting oor die VAKKE deur.

### 1.1 GRAAD 8 en 9 VAKKEUSE

Huistaal	AF	Afrikaans
Eerste addisionele taal	EN	Engels
Wiskunde	WI	Wiskunde
Natuurwetenskappe	NW	Behels die vakke : Biologie en Natuur- en Skeikunde.
Tegnologie	TEG	Behels die vakke Tegniese Tekene en Bedryfskennis
Sosiale wetenskappe	SW	Behels die vakke Geskiedenis en Aardrykskunde
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	EBW	Behels die vakke Rekeningkunde en Besigheidstudies
Skeppende kunste	SK	'n Keuse moet tussen die volgende uitgeoefen word: Musiek & Visuele Kunste OF Drama & Visuele Kunste
Lewensoriëntering	LO	Behels die vakke Voorligting en Liggaamsopvoeding

### SKEPPENDE KUNSTE

<b>Musiek</b>	Leerlinge wat Musiek en Visuele Kuns as vakkeuses aangedui het, word nie outomatises aanvaar nie. Toelating tot hierdie vak is onderhewig aan 'n keuringsproses na afloop van die jaarlikse Musiekopedag. Bywoning van die Musiekopedag is dus <b>verpligtend</b> om vir keuring in aanmerking te kom. Die aantal leerders wat gekeur word, word bepaal deur die beskikbaarheid van instrumente en musiekpersoneel. Musiek as vak bestaan uit twee hoofkomponente: a. Musiekteorie en -geskiedenis sowel as musiekbeluistering (tydens skoolure) b. Praktiese lesse (buite skoolure)
<b>Visuele kunste</b>	Die doel van die vak is hoofsaaklik om: <ul style="list-style-type: none"><li>• kreatiewe, uitdrukkingsvolle en innoverende individue en spanne te ontwikkel;</li><li>• kunstalent, aanleg en entoesiasme te identifiseer en te koester;</li><li>• leerlinge met die nodige basiese vaardighede toe te rus om sodoende verdere studies in die kunsform van hulle keuse na te streef.</li></ul>
<b>Drama</b>	Die studie van drama bied aan leerlinge hulpmiddels om menslike ondervindings in dramatiese vorms voor te stel. Leerlinge word onderrig in kommunikasievaardighede, en word geleid om die liggaam en stem as instrumente te ontwikkel.

## 1.2 SLAAGVEREISTES

Ten minste 50% in Afrikaans Huistaal

Ten minste 40% in Engels Eerste Addisionele Taal EN Wiskunde

Ten minste 40% in drie ander vakke

Ten minste 30% in twee ander vakke

Promosie word slegs toegelaat as deurlopende assessering (40%) en eksterne assessering (60%) in al die leerareas toegepas word.

## 2. GRAAD 10-12 VAKKEUSE

'n Leerling moet 7 vakke kies, VIER uit afdeling A en DRIE uit afdeling B. Vir graadstudies (universiteitstoelating) moet 'n leerling 50% in vier vakke behaal.

		<b>AFDELING A</b> <b><u>VIER</u> verpligte vakke</b>
	<b>VAK</b>	
1	<b>Afrikaans Huistaal</b>	
2	English Home Language	
<b>of</b>	English First Additional Language	
3	Wiskunde	
<b>of</b>	Wiskunde Geletterdheid	
4	Lewensoriëntering	
		<b>AFDELING B</b> <b>Enige DRIE van die volgende vakke moet gekies word</b>
	Fisiese wetenskappe (Fisika en Chemie)	
	Rekeningkunde	
	Lewenswetenskappe (Biologie)	
	Inligtingstegnologie (Programmering)	
	Rekenaartoepassingstegnologie (Rekenaarvaardighede)	
	Ekonomiese studies	
	Besigheidsstudies	
	Geografie	
	Geskiedenis	
	Ingenieursgrafika en –ontwerp	
	Visuele kuns	
	Musiek	
	Duits Tweede Addisionele Taal (Onderhewig aan getalle)	

'n Leerling mag slegs 'n maksimum van twee addisionele vakke neem. Hierdie twee keusevakke moet reeds in Graad 10 as addisionele vakke geneem word. Die aanbied van addisionele vakke is onderhewig aan die aantal leerlinge wat dit wil neem en die beskikbaarheid van 'n onderwyser.

## 2.1 **Algemeen**

- 2.1.1 'n Leerling wat in graad 10 **Alpha Wiskunde** as addisionele vak wil neem, moet einde graad 9 'n punt van 65% vir Wiskunde kry.
- 2.1.2 Dit word baie sterk aanbeveel dat 'n Graad 9-leerling wat **Wiskunde** as vak in graad 10 wil neem, aan die einde van graad 9 'n punt van 55-59% vir Wiskunde moet kry.
- 2.1.3 **Duits**  
Leerlinge kan in Graad 10 Duits as tweede addisionele taal neem. Die voorwaarde is dat ten minste 10 leerlinge die vak moet kies.
- 2.1.4 **Engels Huistaal**  
Leerlinge wat Engels Huistaal wil neem, moet in Graad 9 'n punt van ten minste 60% vir Engels behaal.
- 2.1.5 Leerlinge wat **Inligtingstegnologie** as vak wil neem, moet ten minste 50-59% vir Wiskunde in Graad 9 behaal. As gevolg van fasilitate kan net 'n beperkte aantal leerlinge Inligtingstegnologie as vak neem. Keuring vind plaas op grond van sy Wiskunde punt tydens die Junie/Julie-eksamen behaal.

As gevolg van die aard van die vak moet elke leerling wat Inligtingstegnologie / Rekenaartoepassingstegnologie as vak wil neem, 'n addisionele fooi betaal.

- 2.1.6 Dit word sterk aanbeveel dat 'n leerling wat **Ingenieursgrafika en -ontwerp** as vak wil neem ook Wiskunde sal neem (vergelyk universiteitstoelatingsvereistes).

### 2.1.7 **Musiek**

Die skool voorsien gratis onderrig in alle orkesinstrumente, klavier, orrel en kitaar (slegs beperkte aantal kitaarleerlinge).

Die skool voorsien aan elke musiekleerling 'n blaas-musiekinstrument, maar daar word jaarliks 'n instandhoudingsfooi gehef, afhangend van die instrument wat die leerling bespeel.

Indien meer as 1 orkesinstrument bespeel word, word gratis onderrig en voorsiening van instrument in slegs 1 instrument aangebied.

Keuring vind plaas op grond van die leerling se graad 9 praktiese punt.

## 2.2 **Vereistes vir 'n Nasionale Senior Sertifikaat**

- 'n Minimum van 40% in huistaal
- 'n Minimum van 40% in twee ander vakke
- 'n Minimum van 30% in drie ander vakke

## 2.3 **Vakveranderings**

Die Departement van Onderwys bepaal dat geen leerder 'n vak in Graad 12 mag neem indien hy dit nie reeds van Graad 10 af geneem het nie. Dit is dus belangrik dat die vakkeuse in Graad 10 deeglik oorweeg word om latere probleme te vermy.